

Sinodale bydraes

Agtergrond

Oostelike Sinode se oortuiging is dat ons wil funksioneer as 'n geloofsfamilie. Een van die uitvloeisels hiervan is dat ons gesamentlik verantwoordelikheid aanvaar vir die besluite van die Sinode soos dit in ons prioriteite, projekte en vennootskappe gesien word.

Tydens ons Sinodesittings word daar besluite geneem wat dan aan die hand van 'n baie deeglike proses deur die Sinodale Diensraad volgens prioriteite verpak word. Die uitkoms hiervan is te sien in die projekte, vennootskappe, gesamentlike werksaamhede en verantwoordelikhede wat ons aanvaar.

Ons Toekenningslys

Die finansiële resultaat van hierdie proses word in ons Toekenningslys weerspieël. Dis ons begroting.

Die sake wat tans op hierdie Toekenningslys verskyn, is die volgende:

- **Gesamentlike werksaamhede:** Algemene Sinode, Teologiese opleiding, Argief, Swaziland en Mosambiek.
- **Vennootskappe:** CMR en Arbeidsbediening.
- **Ondernemings uit die verlede:** Ondersteuning van VGKSA gemeentes.
- **Projekte:** Die prioriteitsake soos deur die Sinodale Diensraad bepaal is.
- **Ondersteuningsfunksie van die Sinode:** Vergaderings, Sinodesitting, Personeel, Eiendomme en Administrasie asook ons verteenwoordigers op die Taakspanne van die Algemene Sinode
- **Skenkings:** Zimbabwe-bediening.

Berekening van gemeentes se aandeel aan die Toekenningslys

Die Fondse Diensgroep het 'n duidelike mandaat van die Sinodale Diensraad waarbinne hierdie berekenings gedoen moet word.

Gemeentes se totale inkomste word as vertrekpunt gebruik.

Dan word daar aftrekkings en verminderings gedoen volgens die besluite van die Sinode. Gemeentes onder die Minimum Inkomste word tegemoet gekom, die Spesiale Fondsinsamelings van gemeentes waardeur 'n verskil in die gemeenskap gemaak word, word afgetrek en sommige gemeentes word gehelp met 'n Verminderde Sinodale Bydrae vir 'n korter of langer tydperk.

Dit gee die bedrag waarop sinodale bydraes bereken word. Die Fondse Diensgroep bereken dan die persentasie van hierdie bedrag wat nodig is om die Toekenningslys te kan befonds.

Hierdie proses weerspieël die oortuiging van die Sinode dat soveel as moontlik fondse in die gemeentes gelaat moet word ten einde hulle in staat te stel om dáár in die koninkryk van God 'n verskil te maak.

Betaling van Sinodale Bydraes

Die finansiële jaar (1 Maart – 28 Februarie) word in 4 kwartale verdeel en sinodale bydraes word dan in die middelste maand van elke kwartaal betaal.

Betalings geskied dus in April, Julie, Oktober en Januarie. Sommige gemeentes verkies om hulle betalings maandeliks te doen.

Oostelike Sinode het 'n trotse tradisie van gemeentes wat reeds vir meer as 'n dekade jaarliks hulle finansiële verantwoordelikheid getrou nakom.

Verdere inligting?

Kontak gerus die Sinode huis vir enige navrae.

9 Desember 2014